FOTOGRAFIE

GRAAD 6 TOT OPE AFDELING

1. VOORSKRIFTE

1.1 ALGEMENE VOORSKRIFTE:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer kategorieë** deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 óf die ope afdeling (18-25 jaar; dui ouderdom aan).
- **NB! NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet **oorspronklike werk** wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk** wees.
- **LET WEL! Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste en wenners is finaal en bindend en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

1.2 VOORSKRIFTE VIR DIE HANTERING VAN 'N INSKRYWING:

- By elke foto moet die onderstaande inligting aangebring word. Die inskrywing sal punte verloor indien nie hieraan voldoen word nie:
  - **Naam en van**
  - **Graad/ouderdom**
  - **Skool**
  - **Fotografieklub**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Titel**
  - **Watter kamera gebruik is.**
  - **Datum en tyd wanneer foto geneem is.**
- Indien **meer as een inskrywing** vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee foto's inskryf), moet elke inskrywing **apart** ingestuur word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm.**
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.

1.3 SPESIFIEKE VOORSKRIFTE:

- Foto's moet self geneem wees. **GEEN internetfoto's** word toegelaat nie. Geen foto of gedeelte van 'n foto mag KI wees nie.
- Slegs **EEN foto per voorwerp** mag ingeskryf word.
- Foto's mag **nie groter as 2MB** wees nie.

- Foto's moet maksimum **1920 x 1080 pixels** wees.
- Foto's mag **nie watermerke** hê nie.
- Die **datum en plek** waar die foto('s) geneem is EN die **tipe kamera of selfoon** wat gebruik is, moet genoem word.
- Gebruik **eie keuse en persoonlike smaak**.
- **Geen woorde** mag op die foto's geskryf wees nie.
- Die foto('s) mag **nie digitaal gemanipuleer** word, bv. deur Photoshop nie.
- Foto's word **digitaal in jpeg-formaat**, saam met die **inskrywingsvorm**, na **ekspo@fak.org.za** gestuur.
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.

2. OPDRAG

- Neem 'n **enkelfoto** wat die tema van die jaar uitbeeld.
- Enige item gekoppel of geïnspireer deur die tema van die jaar kan afgeneem word, maar dit wat in beeld en fokus is, moet sodanig wees dat die item sonder veel moeite geïdentifiseer kan word deur die kyker.
- Fokus meer op **detail** as op die hele item.
- Gee 'n **kreatiewe Afrikaanse titel** vir jou foto. Die woord "Foto" is nie 'n titel nie. Geen Engelse titels word aanvaar nie.

BEOORDELING SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

INTERPRETASIE/TEMA __ / 15	• Is die foto 'n gepaste voorstelling van die tema van die jaar? • Toon die visuele teks die leerder se vermoë om 'n nuwe teks te skep? • Intertekstualiteit en die intertekstuele gesprek moet verskyn.
VISUELE ELEMENTE __ / 15	• Die gebruik van: lyn en vorm toonwaarde en/of kleurgebruik volume en ruimte tekstuur proporsie en komposisie
MOEILIKHEIDSGRAAD __ / 10	• Tegniek van kamera • Vaardigheid in fotografie • Karakter van visuele teks (bv. kragtig, sensitief, ens.) • Gepastheid van styl t.o.v. gekose teks en visuele interpretasie
TEGNIESE VERSORGING __ / 10	• Word voorgeskrewe riglyne gevolg (dimensies, hoogte en breedte)? • Netheid • Stewigheid • Afwerking en afronding
TOTAAL	..... uit 50